REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

VOL. 342 CAPE TOWN, 29 DECEMBER 1993 KAAPSTAD, 29 DESEMBER 1993 No. 15374

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 2476. 29 December 1993

It is hereby notified that the Acting State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 186 of 1993: Businesses Amendment Act, 1993.

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 2476. 29 Desember 1993

Hierby word bekend gemaak dat die Waarnemende Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 186 van 1993: Wysigingswet op Besighede, 1993.

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

ACT

To amend the Businesses Act, 1991, so as to amend a certain definition; to make further provision regarding the grounds on which applications for certain licences may be refused; to further regulate the obligation of a licensing authority to furnish reasons for certain decisions; to further regulate the power of an Administrator to make regulations; and to empower a local authority to make by-laws regarding the carrying on of the business of street vendor, pedlar or hawker; to amend certain laws; and to provide for matters connected therewith.

(Afrikaans text signed by the Acting State President.)
(Assented to 14 December 1993.)

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 71 of 1991

1. Section 1 of the Businesses Act, 1991 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for the definition of "regulation" of the following definition:

" 'regulation' means a regulation made by an Administrator under section 6(1) or 6A(4)*(a)*(i);".

Amendment of section 2 of Act 71 of 1991

2. Section 2 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the insertion in subsection (4) after paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a*A) in the case of a business referred to in item 1(1) or 3(1) of Schedule 1, any apparatus, equipment, storage space, working surface, structure, vehicle, conveyance or any other article or place used for or in connection with the preparation, handling or sale of foodstuffs, does not comply with a requirement of a law relating to the health of the public;";

(b) by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

"(6) In considering an application for a licence, **[referred to in item 1(1) or 2 of Schedule 1]** a licensing authority may—

(a) grant the application on condition that—

(i) the business premises concerned shall, before the licence is issued, comply with a requirement contemplated **[referred**

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Tot wysiging van die Wet op Besighede, 1991, ten einde 'n sekere omskrywing te wysig; verdere voorsiening te maak vir die gronde waarop aansoeke om sekere lisensies geweier mag word; die verpligting op 'n lisensie-owerheid om redes vir sekere besluite te verskaf, verder te reël; die bevoegdheid van 'n Administrateur om regulasies uit te vaardig, verder te reël; en 'n plaaslike owerheid te magtig om verordeninge uit te vaardig betreffende die dryf van die besigheid van straathandelaar, venter of smous; om sekere wette te wysig; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(Afrikaanse teks deur die Waarnemende Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 14 Desember 1993.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 71 van 1991

1. Artikel 1 van die Wet op Besighede, 1991 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur die omskrywing van "regulasie" deur die volgende omskrywing te vervang:

" 'regulasie' 'n regulasie deur 'n Administrateur kragtens artikel 6(1) of 6A(4)*(a)*(i) uitgevaardig;".

Wysiging van artikel 2 van Wet 71 van 1991

2. Artikel 2 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (4) na paragraaf *(a)* die volgende paragraaf in te voeg:

"*(a*A) in die geval van 'n besigheid bedoel in item 1(1) of 3(1) van Bylae 1, enige apparaat, toerusting, bergingsruimte, werkoppervlak, struktuur, voertuig, vervoermiddel of enige ander voorwerp of plek wat vir of in verband met die voorbereiding, hantering of verkoop van voedingsmiddels gebruik word, nie voldoen nie aan 'n vereiste van 'n wet met betrekking tot die gesondheid van die publiek;".

(b) deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

"(6) By die oorweging van 'n aansoek om 'n lisensie **[bedoel in item 1(1) of 2 van Bylae 1]** kan 'n lisensie-owerheid—

(a) die aansoek toestaan op voorwaarde dat—

(i) voordat die lisensie uitgereik word, die betrokke besigheidsperseel voldoen aan 'n vereiste beoog in subartikel

to] in subsection (4)*(a)* stipulated by the licensing authority and made known in writing to the applicant;

(ii) any apparatus, equipment, storage space, working surface, structure, vehicle, conveyance, article or place referred to in subsection (4)*(a*A) shall, before the licence is issued, comply with a requirement contemplated in that subsection so stipulated and made known; or

(b) issue the licence subject to any condition therein specified in terms of which the licence holder shall in connection with the business premises or any such apparatus, equipment, storage space, working surface, structure, vehicle, conveyance, article or place—

(i) comply with a specific requirement contemplated in subsection (4)*(a)* or *(a*A), as the case may be; or

(ii) within a specified period comply with such a requirement.";

(c) by the substitution in subsection (9) for subparagraph (ii) of paragraph *(d)* of the following subparagraph:

"(ii) any apparatus, equipment, **[storing]** storage space, working surface, structure, vehicle, conveyance or any other article or place used for or in connection with the preparation, handling or sale of foodstuffs, does not comply with a requirement of a law relating to the health of the public."; and

(d) by the substitution for subsection (10) of the following subsection:

"(10) When a licensing authority decides to refuse an application for a licence, or to grant such an application subject to a condition contemplated in subsection (6)*(a)*, or to issue a licence subject to a condition, or to amend or impose a condition under subsection (8), or to withdraw or suspend a licence, it shall as soon as practicable—

(a) notify the applicant or licence holder concerned in writing of its decision;

(b) **[if requested therefor by the applicant or licence holder]** furnish **[him]** the applicant or licence holder concerned in writing **[within the prescribed period]** with the reasons for its decision;

(c) inform the applicant or licence holder concerned in writing of his right of appeal under section 3.".

Amendment of section 6 of Act 71 of 1991

3. (1) Section 6 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for paragraph *(b)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(b)* (i) the disposal of any goods, receptacle, vehicle or movable structure removed and impounded as contemplated in section 6A(1)*(d)*(ii);

(ii) the liability of any person for any reasonable expenses incurred in connection with such removal, impoundment and disposal;";

(b) by the substitution for paragraph *(c)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(c)* in connection with any matter contemplated in paragraph *(a)*, **[or *(b)*]** the powers, duties and functions of local authorities in relation to any such matter, including**[—**

(i) except in the case of a matter referred to in paragraph *(b)*(iv)*(aa)* or *(ee)*] the power to make by-laws in respect thereof and so to enact, subject to the provisions of this Act, such penal, differential and exempting provisions as may be deemed necessary**[;**

(ii) formal requirements regarding the making, approval and promulgation of such by-laws].";

(4)*(a)* wat die lisensie-owerheid stel en skriftelik aan die aansoeker meedeel;

(ii) voordat die lisensie uitgereik word, enige apparaat, toerusting, bergingsruimte, werkoppervlak, struktuur, voertuig, vervoermiddel, voorwerp of plek bedoel in subartikel (4)*(a*A) voldoen aan 'n vereiste beoog in daardie subartikel aldus gestel en meegedeel; of

(b) die lisensie uitreik onderworpe aan enige voorwaarde daarin vermeld ingevolge waarvan die lisensiehouer in verband met die besigheidsperseel of enige sodanige apparaat, toerusting, bergingsruimte, werkoppervlak, struktuur, voertuig, vervoermiddel, voorwerp of plek—

(i) aan 'n bepaalde vereiste beoog in subartikel (4)*(a)* of *(a*A), na gelang van die geval, moet voldoen; of

(ii) binne 'n vermelde tydperk aan so 'n vereiste moet voldoen.";

(c) deur in subartikel (9) subparagraaf (ii) van paragraaf *(d)* deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(ii) enige apparaat, toerusting, bergruimte, werkoppervlak, struktuur, voertuig, vervoermiddel of enige ander voorwerp of plek wat vir of in verband met die voorbereiding, hantering of verkoop van voedingsmiddels gebruik word, nie voldoen nie aan 'n vereiste van 'n wet met betrekking tot die gesondheid van die publiek."; en

(d) deur subartikel (10) deur die volgende subartikel te vervang:

"(10) Wanneer 'n lisensie-owerheid besluit om 'n aansoek om 'n lisensie te weier, of om so 'n aansoek toe te staan onderworpe aan 'n voorwaarde in subartikel (6)*(a)* beoog, of om 'n lisensie onderworpe aan 'n voorwaarde uit te reik, of om 'n voorwaarde kragtens subartikel (8) te wysig of op te lê, of om 'n lisensie in te trek of op te skort, moet hy so gou doenlik—

(a) die betrokke aansoeker of lisensiehouer skriftelik van sy besluit in kennis stel;

(b) **[indien daarom versoek deur die aansoeker of lisensiehouer]** die redes vir sy besluit **[binne die voorgeskrewe tydperk]** skriftelik aan **[hom]** die betrokke aansoeker of lisensiehouer verstrek;

(c) die betrokke aansoeker of lisensiehouer skriftelik van sy reg op appèl kragtens artikel 3 in kennis stel.".

Wysiging van artikel 6 van Wet 71 van 1991

3. (1) Artikel 6 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur paragraaf *(b)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* (i) die beskikking oor enige goedere, houer, voertuig of beweegbare struktuur verwyder en geskut soos beoog in artikel 6A(2)*(d)*(ii);

(ii) die aanspreeklikheid van enige persoon vir enige redelike uitgawes aangegaan in verband met sodanige verwydering, skut en beskikking;";

(b) deur paragraaf *(c)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(c)* in verband met enige aangeleentheid beoog in paragraaf *(a)*, **[of *(b)*]** die bevoegdhede, pligte en werksaamhede van plaaslike owerhede met betrekking tot enige sodanige aangeleentheid, met inbegrip van **[—**

(i) behalwe in die geval van 'n aangeleentheid bedoel in paragraaf *(b)*(iv)*(aa)* of *(ee)*] die bevoegdheid om verordeninge ten opsigte daarvan uit te vaardig en aldus, behoudens die bepalings van hierdie Wet, die straf-, differensiële en vrystellingsbepalings wat nodig geag word, te verorden **[;**

(ii) formele vereistes betreffende die maak, goedkeuring en afkondiging van sodanige verordeninge].";

(c) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) *(a)* The Administrator shall, not less than **[three months]** one month before promulgating a regulation under subsection (1), **[or a notice under subsection (1)*(b)*(iv)*(aa)* or *(ee)*]** cause a draft of the regulation **[or notice]** to be published in the *Official Gazette*, together with a notice declaring his intention to issue such a regulation **[or notice]** and inviting interested persons to furnish him with comments thereon or representations in connection therewith.

(b) If the Administrator determines upon any alteration on a draft regulation **[or notice]** so published, as a result of comments or representations furnished to him in respect thereof, it shall not be necessary to publish the alteration in terms of this subsection before the amended draft is promulgated as a regulation **[or notice]**."; and

(d) by the substitution in subsection (5) for subparagraph (i) of paragraph *(a)* of the following subparagraph:

"(i) in terms of this Act or in terms of a by-law contemplated in **[subsection (1)*(c)*(i)]** section 6A(1); and".

(2) The regulations made by the Administrator of the Cape of Good Hope under section 6(1)*(b)* of the Businesses Act, 1991 (Act No. 71 of 1991), as it existed immediately before the commencement of this section, with the exception of regulations made under section 6(1)*(b)*(ii) or (iii) of the said Act as it so existed, shall, in so far as they apply—

(i) in the area of a local authority, be deemed to have been made under section 6A(1) of the said Act;

(ii) outside such an area, be deemed to have been made under section 6A(4)*(a)*(i) of the said Act,

and shall remain in force until amended or repealed by the local authority or Administrator concerned under the said subsection 6A(1) or (4)*(a)*(i), as the case may be.

Insertion of section 6A in Act 71 of 1991

4. (1) The following section is hereby inserted in the principal Act after section 6:

"Powers of local authority

6A. (1) *(a)* A local authority may, with the approval of the Administrator, make by-laws regarding—

(i) the supervision and control of the carrying on of the business of street vendor, pedlar or hawker;

(ii) the restriction of the carrying on of such business—

(aa) in a garden or park to which the public has a right of access;

(bb) on a verge as defined in section 1 of the Road Traffic Act, 1989 (Act No. 29 of 1989), contiguous to—

(A) a building belonging to, or occupied solely by, the State or the local authority concerned;

(B) a church or other place of worship;

(C) a building declared to be a national monument under the National Monuments Act, 1969 (Act No. 28 of 1969);

(cc) in an area declared or to be declared under subsection (2)*(a)*;

(iii) the prohibition of the carrying on of such business—

(aa) in a garden or park as contemplated in subparagraph (ii)*(aa)*;

(bb) on a verge so defined as contemplated in subparagraph (ii)*(bb)*;

(c) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) *(a)* Die Administrateur laat minstens **[drie maande]** een maand voordat 'n regulasie kragtens subartikel (1) **[of 'n kennisgewing kragtens subartikel (1)*(b)*(iv)*(aa)* of *(ee)*]** afgekondig word, 'n ontwerp van die regulasie **[of kennisgewing]** in die *Offisiële Koerant* publiseer, tesame met 'n kennisgewing wat sy voorneme te kenne gee om so 'n regulasie **[of kennisgewing]** uit te vaardig en wat belanghebbende persone uitnooi om kommentaar daarop of vertoë in verband daarmee aan hom te verstrek.

(b) Indien die Administrateur besluit op 'n verandering van 'n ontwerpregulasie **[of -kennisgewing]** wat aldus gepubliseer is, as gevolg van kommentaar of vertoë wat ten opsigte daarvan aan hom verstrek is, is dit nie nodig om die veranderinge ingevolge hierdie subartikel te publiseer voordat die gewysigde ontwerp as 'n regulasie **[of kennisgewing]** afgekondig word nie."; en

(d) deur in subartikel (5) subparagraaf (i) van paragraaf *(a)* deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(i) ingevolge hierdie Wet of ingevolge 'n verordening beoog in **[subartikel (1)*(c)*(i)]** artikel 6A(1); en".

(2) Die regulasies uitgevaardig deur die Administrateur van die Kaap die Goeie Hoop kragtens artikel 6(1)*(b)* van die Wet op Besighede, 1991 (Wet No. 71 van 1991), soos dit bestaan het onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie artikel, met uitsondering van die regulasies uitgevaardig kragtens artikel 6(1)*(b)*(ii) en (iii) van genoemde Wet, soos dit aldus bestaan het, word, in soverre dit van toepassing is—

(i) binne die gebied van die plaaslike owerheid, geag uitgevaardig te gewees het ingevolge artikel 6A(1) van genoemde Wet;

(ii) buite so 'n gebied, geag uitgevaardig te gewees het ingevolge artikel 6(A)(4)*(a)*(i) van genoemde Wet,

en bly van krag totdat dit gewysig of herroep word deur die betrokke plaaslike owerheid of Administrateur kragtens genoemde subartikel 6A(1) of (4)*(a)*(i), na gelang van die geval.

Invoeging van artikel 6A in Wet 71 van 1991

4. Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 6 ingevoeg:

"Bevoegdhede van plaaslike owerheid

6A. (1) *(a)* 'n Plaaslike owerheid kan, met die goedkeuring van die Administrateur, verordeninge maak betreffende—

(i) die toesig en beheer oor die dryf van die besigheid van straathandelaar, venter of smous;

(ii) die beperking op die dryf van sodanige besigheid—

(aa) in 'n tuin of park waartoe die publiek 'n reg van toegang het;

(bb) op 'n soom soos omskryf in artikel 1 van die Padverkeerswet, 1989 (Wet No. 29 van 1989), aangrensend aan—

(A) 'n gebou wat behoort aan, of geokkupeer word slegs deur, die Staat of die betrokke plaaslike owerheid;

(B) 'n kerk of ander plek van aanbidding;

(C) 'n gebou wat kragtens die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet No. 28 van 1969), tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar is;

(cc) in 'n gebied wat kragtens subartikel (2)*(a)* verklaar is of verklaar staan te word;

(iii) die verbod op die dryf van so 'n besigheid—

(aa) in 'n tuin of 'n park soos beoog in subparagraaf (ii)*(aa)*;

(bb) op 'n soom aldus omskryf soos beoog in subparagraaf (ii)*(bb)*;

(cc) in an area declared or to be declared under subsection (2)*(a)*;

(dd) at a place where—

(A) it causes an obstruction in front of a fire hydrant or an entrance to or exit from a building;

(B) it causes an obstruction to vehicular traffic; or

(C) it substantially obstructs pedestrians in their use of a sidewalk as defined in section 1 of the Road Traffic Act, 1989;

(ee) on a verge so defined contiguous to a building in which business is being carried on by any person who sells goods of the same nature as or of a similar nature to goods being sold by the street vendor, pedlar or hawker concerned, without the consent of that person;

(ff) on that half of a public road contiguous to a building used for residential purposes, if the owner or person in control or any occupier of the building objects thereto.

(b) A by-law made under this subsection, other than a by-law contemplated in paragraph *(a)*(ii), shall not—

(i) restrict the carrying on of the business of street vendor, pedlar or hawker to—

(aa) specified hours or places; or

(bb) specified goods or services;

(ii) impose a restriction or requirement in relation to a street vendor, pedlar or hawker that is not in terms of any other by-law or regulation of the local authority concerned imposed in relation to a person carrying on business in the same goods and services on fixed premises: Provided that this subparagraph shall not prevent the making of a by-law which is necessitated by reason of the business concerned being carried on elsewhere than on fixed premises.

(c) No by-law made under this subsection shall—

(i) require a street vendor, pedlar or hawker to hold a licence, permit, authority, certificate or approval in respect of such business: Provided that a by-law may prohibit a person from carrying on such business on any stand or in any area contemplated in subsection (3)*(b)* if he is not in possession of proof that he has hired such stand or area from the local authority concerned or that it has otherwise been allocated to him;

(ii) prohibit the carrying on of such business—

(aa) within a specified distance from any specified place or point;

(bb) at any place for longer than a specified period;

(cc) if the business concerned is not periodically moved from place to place;

(iii) protect any person against trade competition, except to the extent contemplated in paragraph *(a)*(iii)*(ee)*.

(d) A by-law made under this subsection—

(i) may, for any contravention thereof or failure to comply therewith, prescribe a penalty of a fine or imprisonment for a period not exceeding three months;

(ii) may provide for the removal and impoundment by an officer of any goods, receptacle, vehicle or movable structure—

(aa) which he reasonably suspects is being used or intended to be used or has been used in or in connection with the carrying on of the business of street vendor, pedlar or hawker; and

(cc) in 'n gebied wat kragtens subartikel (2)*(a)* verklaar is of verklaar staan te word;

(dd) op 'n plek waar—

(A) dit 'n versperring veroorsaak voor 'n brandkraan of 'n in- of uitgang van 'n gebou;

(B) dit 'n versperring veroorsaak vir voertuigverkeer; of

(C) dit voetgangers wesenlik belemmer in die gebruik van 'n sypaadjie soos omskryf in artikel 1 van die Padverkeerswet, 1989;

(ee) op 'n soom aldus omskryf aangrensend aan 'n gebou waarin besigheid gedryf word deur 'n persoon wat goedere verkoop wat van dieselfde of 'n soortgelyke aard is as goedere wat deur die betrokke straathandelaar, venter of smous verkoop word, sonder die toestemming van daardie persoon;

(ff) op daardie helfte van 'n openbare pad aangrensend aan 'n gebou wat vir residensiële doeleindes gebruik word, indien die eienaar of persoon in beheer of enige bewoner van die gebou daarteen beswaar maak.

(b) 'n Verordening kragtens hierdie subartikel uitgevaardig, behalwe 'n verordening beoog in paragraaf *(a)*(ii)—

(i) beperk nie die dryf van die besigheid van straathandelaar, venter of smous tot—

(aa) bepaalde ure of plekke nie; of

(bb) bepaalde goedere of dienste nie;

(ii) lê nie 'n beperking of vereiste met betrekking tot 'n straathandelaar, venter of smous op wat nie ingevolge enige ander verordening of regulasie deur die betrokke plaaslike owerheid met betrekking tot 'n persoon wat met dieselfde goedere en dienste besigheid doen in 'n vaste sakeperseel opgelê is nie: Met dien verstande dat hierdie subparagraaf nie die uitvaardiging van 'n verordening belet wat genoodsaak word vanweë die dryf van die betrokke besigheid op 'n ander plek as in 'n vaste sakeperseel nie.

(c) Geen verordening kragtens hierdie subartikel uitgevaardig—

(i) vereis dat 'n straathandelaar, venter of smous 'n lisensie, permit, magtiging, sertifikaat of goedkeuring ten aansien van sodanige besigheid besit nie: Met dien verstande dat 'n verordening 'n persoon kan verbied om sodanige besigheid op 'n staanplek of in 'n gebied beoog in subartikel (3)*(b)* te dryf indien hy nie in besit is van bewys dat hy sodanige staanplek of gebied van die betrokke plaaslike owerheid huur of dat dit andersins aan hom toegewys is nie;

(ii) verbied die dryf van sodanige besigheid—

(aa) binne 'n bepaalde afstand vanaf enige bepaalde plek of punt nie;

(bb) op enige plek vir langer as 'n bepaalde tydperk nie;

(cc) indien die betrokke besigheid nie periodiek van plek tot plek verskuif word nie;

(iii) beskerm niemand teen handelsmededinging nie, behalwe in die mate beoog in paragraaf *(a)*(iii)*(ee)*.

(d) 'n Verordening kragtens hierdie subartikel uitgevaardig—

(i) kan ten opsigte van enige oortreding daarvan of versuim om daaraan te voldoen, 'n straf voorskryf van 'n boete of van gevangenisstraf van hoogstens drie maande;

(ii) kan voorsiening maak vir die verwydering en skut deur 'n beampte van enige goedere, houer, voertuig of beweegbare struktuur—

(aa) wat hy redelikerwys vermoed gebruik word of bestem is om gebruik te word of gebruik is by of in verband met die dryf van die besigheid van straathandelaar, venter of smous; en

(bb) which he finds at a place where in terms of a by-law under subsection (1)*(a)*(ii) or (iii), the carrying on of such business is restricted or prohibited and which, in his opinion, constitutes an infringement of such by-law,

whether or not such goods, receptacle, vehicle or movable structure is in the possession or under the control of any person at the time of such removal or impoundment.

(2) *(a)* A local authority may, subject to the provisions of paragraphs *(b)* up to and including *(j)*, by resolution declare any place in its area of jurisdiction to be an area in which the carrying on of the business of street vendor, pedlar or hawker may be restricted or prohibited.

(b) A motion that steps be taken to declare an area under this subsection shall be dealt with at a meeting of the local authority.

(c) Before such a motion is adopted, the local authority shall have regard to the effect of the presence of a large number of street vendors, pedlars or hawkers in that area and shall consider whether—

(i) more effective supervision or control in that area, including negotiations with any person carrying on in that area the business of street vendor, pedlar or hawker or their representatives, will make such declaration unnecessary; and

(ii) the intended restriction or prohibition will drive out of business a substantial number of street vendors, pedlars or hawkers.

(d) If such a motion is adopted the local authority shall cause a plan to be prepared showing the position of the area concerned.

(e) On completion of the said plan the local authority shall cause to be published in a newspaper circulating in the area of jurisdiction of that local authority, a notice setting out its intention to effect the restriction or prohibition concerned as well as its reasons therefor, stating that the said plan is open for inspection at a place and during the hours mentioned in the notice and calling upon any person who has any objection to the intended restriction or prohibition to submit in writing to the local authority within a period mentioned in the notice, which period shall not be shorter than 21 days following the day upon which the notice appeared in the newspaper, such objection or objections.

(f) The local authority shall, at least 21 days before the last day on which objections may be submitted in terms of such notice, cause a copy of the said notice to be displayed at a suitable place in or near the area concerned.

(g) The local authority shall consider every objection submitted in terms of paragraph *(e)* or *(f)* and may thereafter resolve on the declaration of the area concerned.

(h) The local authority shall cause the declaration to be published in the *Official Gazette*, and such declaration shall take effect on the date of such publication.

(i) The local authority shall forthwith after the publication referred to in paragraph *(h)*, submit to the Administrator a copy of the plan of the area, the notice published in the newspaper in terms of paragraph *(e)*, the notice published in the *Official Gazette* in terms of paragraph *(h)* and all objections received, together with its comments thereon.

(j) The Administrator may within a period of 60 days after such submission and after consultation with the local authority concerned, by notice in the *Official Gazette* amend or revoke the declaration concerned.

(k) Notwithstanding the provisions of section 17C(2) of the Promotion of Local Government Affairs Act, 1983 (Act No. 91 of

(bb) wat hy vind op 'n plek waar die dryf van sodanige besigheid ingevolge 'n verordening kragtens subartikel (1)*(a)*(iii) verbied of beperk is en, wat na sy oordeel, 'n oortreding van sodanige verordening uitmaak,

ongeag of sodanige goedere, houer, voertuig of beweegbare struktuur in die besit of onder die beheer is van enige persoon ten tyde van sodanige verwydering en skutting.

(2) *(a)* 'n Plaaslike owerheid kan, behoudens die bepalings van paragrawe *(b)* tot en met *(k)*, by besluit enige plek binne sy regsgebied verklaar tot 'n gebied waarin die dryf van die besigheid van straathandelaar, venter of smous beperk of verbied kan word.

(b) 'n Mosie dat stappe gedoen word om 'n gebied kragtens hierdie subartikel te verklaar, word op 'n vergadering van die plaaslike owerheid afgehandel.

(c) Voordat so 'n mosie aangeneem word, neem die plaaslike owerheid die uitwerking van die teenwoordigheid van 'n groot getal straathandelaars, venters of smouse in daardie gebied in ag en oorweeg die plaaslike owerheid of—

(i) meer effektiewe toesig of beheer in daardie gebied, met inbegrip van onderhandelinge met enige persoon wat in daardie gebied die besigheid van straathandelaar, venter of smous dryf of hulle verteenwoordigers, sodanige verklaring onnodig sal maak; en

(ii) die beoogde beperking of verbod 'n wesenlike aantal straathandelaars, venters of smouse hul besigheid sal ontneem.

(d) Indien so 'n mosie aanvaar word, laat die plaaslike owerheid 'n plan opstel wat die ligging van die betrokke gebied aandui.

(e) By voltooiing van genoemde plan laat die plaaslike owerheid in 'n nuusblad in omloop in die regsgebied van daardie plaaslike owerheid, 'n kennisgewing publiseer wat sy bedoeling om die betrokke beperking of verbod in te stel, asook sy redes daarvoor, uiteensit, wat vermeld dat genoemde plan oop is vir inspeksie by 'n plek en gedurende tye in sodanige kennisgewing vermeld en waarby enige persoon wat 'n beswaar teen die beoogde beperking of verbod het, uitgenooi word om binne 'n in die kennisgewing genoemde tydperk wat volg op die dag waarop die kennisgewing in die nuusblad verskyn het, welke tydperk nie korter as 21 dae mag wees nie, sodanige beswaar of besware skriftelik aan die plaaslike owerheid voor te lê.

(f) Die plaaslike owerheid laat ten minste 21 dae voor die laaste dag waarop besware ingevolge sodanige kennisgewing ingedien kan word, 'n afskrif van die betrokke kennisgewing op 'n geskikte plek in of naby die betrokke gebied vertoon.

(g) Die plaaslike owerheid oorweeg elke beswaar voorgelê ingevolge paragraaf *(e)* of *(f)* en kan daarna 'n besluit oor die verklaring van die betrokke gebied neem.

(h) Die plaaslike owerheid laat die verklaring in die *Offisiële Koerant* publiseer, en sodanige verklaring tree in werking op die datum van sodanige publikasie.

(i) Die plaaslike owerheid voorsien na die publikasie bedoel in paragraaf *(h)* die Administrateur onverwyld van 'n afskrif van die plan van die gebied, die kennisgewing ingevolge paragraaf *(e)* in die koerant gepubliseer, die kennisgewing ingevolge paragraaf *(h)* in die *Offisiële Koerant* gepubliseer en alle besware ontvang, tesame met sy kommentaar daarop.

(j) Die Administrateur kan binne 'n tydperk van 60 dae na sodanige voorlegging en na oorlegpleging met die betrokke plaaslike owerheid, by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* die betrokke verklaring wysig of herroep.

(k) Ondanks die bepalings van artikel 17C(2) van die Wet op die Bevordering van Plaaslike Owerheidsaangeleenthede, 1983 (Wet

1983), a local authority shall not authorize any committee of, or any officer or employee in the service of, the local authority to perform any duty assigned to the local authority by or under paragraph *(b)*, *(c)* or *(g)*.

(3) Notwithstanding the provisions of any other law, a local authority may—

(a) by resolution, after compliance *mutatis mutandis* with the provisions of subsection (2)*(b)* up to and including *(h)*, lease any verge as defined in section 1 of the Road Traffic Act, 1989, or any portion thereof, to the owner or occupier of the contiguous land on the condition that such owner or occupier shall admit a specified number of street vendors, pedlars or hawkers in stands or places on such verge designated by such owner or occupier;

(b) (i) set apart by resolution and demarcate stands or areas for the purposes of the carrying on of the business of street vendor, pedlar or hawker on any public road the ownership or management of which is vested in the local authority or on any other property in the occupation and under the control of the local authority; and

(ii) in like manner extend, reduce or disestablish any such stand or area;

(c) by agreement let or otherwise allocate any stand or area demarcated under paragraph *(b)*(i) or otherwise established for such purposes.

(4) *(a)* An Administrator may, in respect of any area outside the area of jurisdiction of a local authority—

(i) make regulations regarding supervision and control of the carrying on of the business of street vendor, pedlar or hawker, the restriction on the carrying on of such business as referred to in subsection (1)*(a)*(ii) and the prohibition of the carrying on of such business as referred to in subsection (1)*(a)*(iii), and the provisions of subsection (1)*(b)*, *(c)* and *(d)* shall *mutatis mutandis* apply in respect of such regulations;

(ii) subject to the provisions of paragraphs *(c)* and *(d)*, declare any place in such area to be an area in which the carrying on of such business may be restricted or prohibited;

(iii) lease any verge as referred to in subsection (3)*(a)*, or any portion thereof, to the owner or occupier of the contiguous land on the condition so referred to;

(iv) set apart and demarcate stands and areas for the purposes of the carrying on of the business of street vendor, pedlar or hawker on any public road the ownership or management of which is vested in the Administrator or the Provincial Administration concerned or on any other property in the occupation and under the control of the Administrator or such Provincial Administration and in like manner extend, reduce or disestablish any such stand or area so set apart or demarcated;

(v) by agreement let or otherwise allocate any stand or area demarcated under subparagraph (iv) or otherwise established for such purposes.

(b) Different regulations may be made under paragraph *(a)*(i) in respect of different areas.

(c) Before the Administrator makes a declaration as contemplated in paragraph *(a)*(ii), he shall—

(i) have regard to the effect referred to in subsection (2)*(c)* and consider the factors contemplated in subsection (2)*(c)*(i) and (ii);

(ii) cause a plan to be prepared as referred to in subsection (2)*(d)*;

(iii) cause a notice to be published as referred to in subsection (2)*(e)*;

No. 91 van 1983), mag 'n plaaslike owerheid nie 'n komitee van, of 'n beampte of werknemer in die diens van, die plaaslike owerheid magtig om enige plig by of kragtens paragraaf *(b)*, *(c)* of *(g)* aan die plaaslike owerheid opgedra, te verrig nie.

(3) Ondanks die bepalings van enige ander wet kan 'n plaaslike owerheid—

(a) by besluit, nadat *mutatis mutandis* voldoen is aan die bepalings van subartikel (2)*(b)* tot en met *(h)*, enige soom soos omskryf in artikel 1 van die Padverkeerswet, 1989, of enige gedeelte daarvan, aan die eienaar of okkupeerder van die aangrensende grond verhuur op die voorwaarde dat sodanige eienaar of okkupeerder 'n bepaalde getal straathandelaars, venters of smouse toelaat op staanplekke of plekke op sodanige soom aangewys deur sodanige eienaar of okkupeerder;

(b) (i) by besluit staanplekke of gebiede opsysit en afbaken vir die doeleindes van die dryf van die besigheid van straathandelaar, venter of smous op enige openbare pad waarvan die eiendomsreg of bestuur in die plaaslike owerheid berus of op enige ander eiendom wat deur die plaaslike owerheid geokkupeer en beheer word; en

(ii) op 'n soortgelyke wyse enige sodanige staanplek of gebied uitbrei, verklein of ophef;

(c) by ooreenkoms enige staanplek of gebied afgebaken kragtens paragraaf *(b)*(i) of andersins vir sodanige doeleindes ingestel, verhuur of andersins toewys.

(4) *(a)* 'n Administrateur kan, ten opsigte van enige gebied buite die regsgebied van 'n plaaslike owerheid—

(i) regulasies uitvaardig betreffende toesig oor en beheer van die dryf van die besigheid van 'n straathandelaar, venter of smous, die beperking op die dryf van sodanige besigheid soos bedoel in subartikel (1)*(a)*(ii) en die verbod op die dryf van sodanige besigheid soos bedoel in subartikel (1)*(a)*(iii), en die bepalings van subartikel (1)*(b)*, *(c)* en *(d)* is *mutatis mutandis* van toepassing op sodanige regulasies;

(ii) behoudens die bepalings van paragrawe *(c)* en *(d)* enige plek in sodanige gebied as 'n gebied verklaar waarin die dryf van sodanige besigheid beperk of verbied kan word;

(iii) enige soom in sodanige gebied soos bedoel in subartikel (3)*(a)*, of gedeelte daarvan, aan die eienaar of okkupeerder van die aangrensende grond verhuur op die voorwaardes soos aldus bedoel;

(iv) staanplekke en gebiede opsysit en afbaken vir die doeleindes van die dryf van die besigheid van straathandelaar, venter of smous op enige openbare pad waarvan die eiendomsreg of bestuur in die Administrateur of die betrokke Provinsiale Administrasie gevestig is of op enige ander eiendom wat deur die Administrateur of sodanige Provinsiale Administrasie geokkupeer en beheer word en op 'n soortgelyke wyse enige staanplek of gebied aldus opsygesit of afgebaken, uitbrei, verklein of ophef;

(v) by ooreenkoms enige staanplek of gebied afgebaken kragtens subparagraaf (iv) of andersins vir sodanige doeleindes ingestel, verhuur of andersins toewys.

(b) Verskillende regulasies kan kragtens paragraaf *(a)*(i) ten opsigte van verskillende gebiede uitgevaardig word.

(c) Voordat die Administrateur 'n verklaring maak soos beoog in paragraaf *(a)*(ii)—

(i) neem hy die uitwerking bedoel in subartikel (2)*(c)* in ag en oorweeg hy die faktore beoog in subartikel (2)*(c)*(i) en (ii);

(ii) laat hy 'n plan opstel soos bedoel in subartikel (2)*(d)*;

(iii) laat hy 'n kennisgewing publiseer soos bedoel in subartikel (2)*(e)*;

(iv) cause a notice to be displayed as referred to in subsection (2)*(f)*;

(v) consider every objection submitted in terms of paragraphs (iii) and (iv).

(d) After the Administrator has made such declaration, he shall cause it to be published in the *Official Gazette*, and such declaration shall take effect on the date of such publication.".

Amendment of Schedule 1 to Act 71 of 1991

5. Schedule 1 to the principal Act is hereby amended by the substitution for subitem (2) of item 1 of the following subitem:

"(2) For the purposes of subitem (1) 'perishable foodstuff' means any foodstuff or category of foodstuffs declared by **[the Minister]** an Administrator by notice in the *Official Gazette* to be a perishable foodstuff in the province concerned for the purposes of this item.".

Repeal or amendment of certain laws, and savings

6. (1) The laws specified in the Schedule are hereby repealed or amended to the extent indicated in the third column thereof.

(2) By-laws or regulations made under a provision of a law repealed by, or deleted by virtue of an amendment in terms of, subsection (1) shall, notwithstanding such repeal or deletion, remain in force—

(a) until the date on which such by-laws or regulations are repealed or substituted by by-laws or regulations made under section 6A of the Businesses Act, 1991 (Act No. 71 of 1991), by the local authority or Administrator concerned; or

(b) until a date six months after the commencement of this Act,

whichever is the earlier date.

Short title

7. This Act shall be called the Businesses Amendment Act, 1993.

(iv) laat hy 'n kennisgewing vertoon soos bedoel in subartikel (2)*(f)*; en

(v) oorweeg hy elke beswaar voorgelê ingevolge paragrawe (iii) en (iv).

(d) Nadat die Administrateur sodanige verklaring gemaak het, laat hy dit in die *Offisiële Koerant* publiseer, en sodanige verklaring tree in werking op die datum van sodanige publikasie.".

Wysiging van Bylae 1 by Wet 71 van 1991

5. Bylae 1 by die Hoofwet word hierby gewysig deur subitem (2) van item 1 deur die volgende subitem te vervang:

"(2) By die toepassing van subitem (1) beteken 'bederfbare voedingsmiddel' enige voedingsmiddel of kategorie voedingsmiddels wat deur **[die Minister]** 'n Administrateur by kennisgewing in die **[*Staatskoerant*]** *Offisiële Koerant* tot 'n bederfbare voedingsmiddel in die betrokke provinsie vir die doeleindes van hierdie item verklaar is.".

Herroeping of wysiging van sekere wette, en voorbehoude

6. (1) Die wette in die Bylae uiteengesit, word hierby herroep of gewysig in die mate in die derde kolom daarvan aangedui.

(2) Verordeninge of regulasies gemaak kragtens 'n bepaling van 'n wet herroep deur, of geskrap uit hoofde van 'n wysiging ingevolge, subartikel (1) bly, ondanks sodanige herroeping of skrapping, van krag—

(a) tot die datum waarop sodanige verordeninge of regulasies herroep of gewysig word deur verordeninge of regulasies gemaak deur die betrokke plaaslike owerheid of Administrateur kragtens artikel 6A van die Wet op Besighede, 1991 (Wet No. 71 van 1991); of

(b) tot 'n datum ses maande na die inwerkingtreding van hierdie Wet, welke datum ook al die vroegste is.

Kort titel

7. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Besighede, 1993.

Schedule

LAWS REPEALED OR AMENDED
(Section 6)

No. and year	Title	Extent of repeals or amendments
Natal		
Ordinance No. 11 of 1973	Licences and Business Hours Ordinance, 1973	The amendment of section 45 by the deletion of paragraph *(f)* of subsection (1).
Ordinance No. 25 of 1974	Local Authorities Ordinance, 1974	The amendment of section 266 by the deletion in subsection (1) of subparagraph (viii) of paragraph *(u)*.
Orange Free State		
Ordinance No. 8 of 1962	Local Government Ordinance, 1962	The amendment of section 146 by the deletion of subsection (19).
Ordinance No. 8 of 1972	Licences Ordinance, 1972	The amendment of section 38 by the deletion of paragraphs *(n)* and *(o)* of subsection (1).
Transvaal		
Ordinance No. 17 of 1939	Local Government Ordinance, 1939	1. The repeal of section 65. 2. The amendment of section 79 by the deletion of paragraph *(g)* of subsection (14). 3. The amendment of section 80 by the deletion of subsection (73).
Ordinance No. 19 of 1974	Licences Ordinance, 1974	1. The amendment of section 61 by the deletion of paragraph *(k)* of subsection (1). 2. The amendment of section 63 by the deletion of paragraph *(b)* of subsection (1).

Bylae

WETTE HERROEP OF GEWYSIG
(Artikel 6)

No. en jaar	Titel	Omvang van herroeping of wysiging
Natal		
Ordonnansie No. 11 van 1973	Ordonnansie op Lisensies en Besigheidsure, 1973	Die wysiging van artikel 45 deur paragraaf *(f)* van subartikel (1) te skrap.
Ordonnansie No. 25 van 1974	Ordonnansie op Plaaslike Owerhede, 1974	Die wysiging van artikel 266 deur in subartikel (1) subparagraaf (viii) van paragraaf *(u)* te skrap.
Oranje-Vrystaat		
Ordonnansie No. 8 van 1962	Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1962	Die wysiging van artikel 146 deur subartikel (19) te skrap.
Ordonnansie No. 8 van 1972	Ordonnansie op Lisensies, 1972	Die wysiging van artikel 38 deur paragrawe *(n)* en *(o)* van subartikel (1) te skrap.
Transvaal		
Ordonnansie No. 17 van 1939	Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939	1. Die herroeping van artikel 65. 2. Die wysiging van artikel 79 deur paragraaf *(g)* van subartikel (14) te skrap. 3. Die wysiging van artikel 80 deur subartikel (73) te skrap.
Ordonnansie No. 19 van 1974	Ordonnansie op Lisensies, 1974	1. Die wysiging van artikel 61 deur paragraaf *(k)* van subartikel (1) te skrap. 2. Die wysiging van artikel 63 deur paragraaf *(b)* van subartikel (1) te skrap.

PRINTED BY CREDA PRESS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 323-9731 X267—12000
GEDRUK DEUR CREDA PRESS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 323-9731 X267—12000